'n Perspektief op die Suid-Afrikaanse ekonomie

Prof Jannie Rossouw
Junie 2023

Die Suid-Afrikaanse ekonomie strompel tans deur 'n langdurige ekonomiese insinking, wat reeds in Desember 2013 begin het. Vrae soos die voorkoms van korttermyn sikliese ekonomiese bewegings op enige tydstip is betreklik irrelevant binne hierdie langtermyn insinking. Weens hierdie dekade-lange insinking, het Suid-Afrika se posisie binne Afrika dramaties verswak. Tevore was Suid-Afrika die grootste ekonomie op die kontinent. Tans is Suid-Afrika in die derde plek, na Nigerië en Egipte. Swak beleid het duidelike gevolge.

Ekonomiese groei is reeds vir byna 10 jaar laer as die bevolkingsgroei, wat groeiende werkloosheid tot gevolg het. Groeiende werkloosheid plaas toenemende druk ook op die maatskaplike hulpdienste van die NG Kerk. Weens lae ekonomiese groei, neem die belastinglas van Suid-Afrikaanse belastingbetalers deurlopend toe. Die regering het baie bestedingsplanne, byvoorbeeld 'n uitbreiding van maatskaplike toelaes en die instelling van 'n nasionale gesondheidsversekeringstelsel. Omdat die ekonomie nie groei nie, groei die belastingbasis ook nie. Hierdie planne moet gevolglik deur 'n beperkte belastingbasis bekostig word.

Weens hoër besteding te midde van lae ekonomiese groei, het regeringsbesteding in verhouding tot die bruto binnelandse produk toegeneem vanaf sowat 29% in 2013 tot sowat 33% in 2023. Sonder ekonomiese groei sal hierdie toename voortduur. Terselfdertyd het die tekort voor lenings, staatskuld en rente op staatskuld ook skerp gestyg. Tans leen die regering sowat R1 miljard per dag om die tekort tussen inkomste en uitgawe te befonds.

Die regering beskou persoonlike belastingbetalers as 'n maklike teiken vir meer inkomste. Suid-Afrika het sowat sewe miljoen persoonlike belastingbetalers, waarvan 'n groot gros reeds nie vir die ANC stem nie. Daar is dus geen boperk op die persoonlike belastingkoers nie, want dit sal nie vir die ANC tot 'n groot verlies aan stemme lei nie.

Persoonlike belastingbetalers was ook tevore 'n maklike teiken. Onder die Nasionale Party-regering het die maksimum persoonlike belastingkoers tot so hoog as 72% gestyg (60% plus 'n toeslag van 20% daarop), teenoor die huidige maksimumkoers van 45%. Suid-Afrika kan weer 'n koers van 72% beleef.

Terselfdertyd is die wisselkoers van die rand onder druk, onder meer omdat die regering se binnelandse en buitelandse beleid in 'n warboel is. Die regering gee geen duidelike leiding oor dringende sake nie en dit lyk asof mnr. Cyril Ramaphosa as President van die Republiek van Suid-Afrika geabdikeer het.

Die swak wisselkoers van die rand voed hoër plaaslike inflasie. Die beleidsopdrag van die SA Reserwebank is om die inflasiekoers tussen 3% en 6% per jaar te hou. Gevolglik gebruik die SA Resewebank hoër rentekoerse om inflasie te beteuel. Hoër rentekoerse plaas diegene met skuld en terugbetalingsverpligtings onder druk, maar is tot voordeel van diegene wat spaar en

rente verdien. Laasgenoemde groep is normaalweg ouer en het nie 'n duidelike stem om hul belange te beskerm nie.

Tipiese middelklaslidmate van die NG Kerk is gevolglik onder toenemende ekonomiese en finansiële druk. Hierdie ekonomiese en finansiële druk bring weer gemeentes se finansies in gedrang. Lidmate besuinig op alle uitgawes, wat gemeentelike bydraes insluit. Gemeentes het bates, maar oënskynlik hoofsaaklik in die vorm van geboue. Ongelukkig kan geboue nie inkrementeel verkoop word soos finansiële bates nie. Gemeentes moet dus noukeurig hul inkomstes, uitgawes en bates oorweeg. Dit is nie 'n goeie tyd vir nuwe gemeentelike verpligtings nie. Waar moontlik, is dit nie onvanpas om op gemeentelike vlak finansiële reserwes op te bou en inkomste daarop te verdien nie.

Gemeentes en lidmate ly onder die ekonomiese wanbestuur van die regering. Die ontwrigting van beurtkrag is net een voorbeeld van hierdie wanbestuur. Ongelukkig gaan Suid-Afrika nie groot nuwe investering en gevolglik versnelde ekonomiese groei sien terwyl die land onder beurtkrag ly nie.

Die ekonomiese en gepaardgaande maatskaplike nood is hoog in Suid-Afrika. Die regering is te blameer vir die ekonomiese krisis wat Suid-Afrika in die gesig staar. 'n Onbevoegde en korrupte ANC-regering het Suid-Afrika op die pad van die huidige (en voortslepende) krisis gelei. Dit is onredelik om te verwag dat die ANC sal verander terwyl die party aan bewind is. Die geleentheid vir selfverryking is eenvoudig te groot.

Ekonomiese verandering sal dus op ander wyses bereik moet word. Die burgerlike samelewing en geloofsgemeenskap sal die regering moet uitdaag om in die ekonomiese en finansiële belange van Suid-Afrikaners op te tree, eerder as vir eie selfsugtige selfverryking.